**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A50/2005

In die appèl tussen:-

**<u>L J MALIMABE</u>** Appellant

en

**<u>S W MORAKE</u>** Respondent

---

**<u>CORAM:</u>** BECKLEY, R *et* MOCUMIE, WND R

---

**<u>AANGEHOOR OP:</u>** 10 DESEMBER 2007

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** BECKLEY R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 13 DESEMBER 2007

---

[1] In hierdie geding het die respondent (eiser in die hof *a quo*) aksie ingestel teen die appellant (verweerder in die hof *a quo*) vir betaling van die bedrag van R87 000,00 tesame met rente en koste. Ek verwys hierin na die partye soos hulle in die pleitstukke bekendstaan.

[2] Voormelde geding is ingestel op 22 Mei 2002. Die verweerskrif is geliasseer op 22 November 2002. Daarna en wel op 12 Mei 2003 is die saak ter rolle geplaas vir verhoor op 3 Julie 2003. Op laasgenoemde datum was die verweerder se regsverteenwoordiger, ene Marais, afwesig en is die saak uitgestel vanweë sy afwesigheid *sine die* met 'n bestraffende kostebevel teen die verweerder.

[3] Teen Desember 2003 was die saak nog nie weer ter rolle geplaas deur die eiser nie, en het die verweerder aansoek gedoen in terme van Hofreël 27(5) van die Landdroshof vir die afwysing van die eiser se vordering. In die aansoek in terme van voormelde reël is aangedui dat die aansoek aangehoor sou word op 29 Januarie 2004. In die "aansoek in terme van Reël 27(5)" (aansoek) meld die verweerder dat voormelde aansoek geloods sal word "aangesien die eiser versuim het om die aangeleentheid te plaas vir verhoor binne 15 dae na sluiting van die pleitstukke". Nadat die aansoek in terme van Reël 27(5) ingedien is, en wel voor dit kon aangehoor word op die 29ste Januarie 2004, het die eiser op

16 Januarie 2004 die aksie ter rolle geplaas vir verhoor op 25 Maart 2004.

[4] Die feit dat die eiser die aksie ter rolle geplaas het vir verhoor nadat die verweerder die kennisgewing of aansoek ingedien ingevolge Reël 27(5), het nie die regsgeldigheid van die aansoek in terme van Reël 27(5) affekteer nie. Nadat die aansoek beredeneer is op 29 Januarie 2004, het die hof *a quo* die aansoek afgewys met koste. Dit is teen daardie afwysing van die aansoek wat die verweerder nou as appellant in hoër beroep kom.

[5] Die appèl kan nie slaag nie, vanweë die volgende redes:
Reël 27(5) is slegs van toepassing vir 'n periode van 15 dae na die datum van sluit van die pleitstukke, en, in die lig daarvan dat die verweerskrif ingedien is op 22 November 2002, het sodanige datum aangebreek tien dae na 22 November 2002. Vir 'n periode van 15 dae na laasgenoemde datum, was die verweerder geregtig om aansoek te doen vir die afwysing van die eiser se aksie uit hoofde van die bepalings van Reël 27(5). In die lig daarvan

dat die voormelde aansoek eers ingedien is op die 11de Desember 2003, dit wil sê, bykans 'n jaar nadat die pleitstukke gesluit het, spreek dit vanself dat die periode van 15 dae reeds lank voor daardie datum verstryk het. Na die verstryking van die periode van 15 dae, was die verweerder nie by magte om enigsins hom te beroep op die bepalings van Hofreël 27(5) nie.

[6] Vergelyk **GELDENHUYS v VLOK**, 1946 KPA 587 te 590 en **VONCK v FRASERBURG MUNISIPALITEIT**, 1974 (1) SA 777 (K) te 781.

[7] Bygevolg word die appèl afgewys met koste.

**A.P. BECKLEY, R**

Ek stem saam.

**B.C. MOCUMIE, WND R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikant: | Adv. A. H. Burger<br>In opdrag van:<br>Kramer, Weihman & Joubert<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. J. Gilliland<br>In opdrag van:<br>Cloete & Neveling Ing.<br>HARRISMITH |

/em